



Graad R – Tuis jaar program 1ste Kwartaal

Week 1:

- Oefen name van liggaamsdele: kop, arms, bene, lyfie, voete. Wat kan jy met elkeen doen?
- Oefen om jou naam te skryf.
- Oefen name van liggaamsdele: elmboog, skouer, knie, nek, rug, enkel. Teken 1 geel prentjie.
- Vra u kind om , in die korrekte volgorde, aan drie liggaamsdele te raak, bv. Raak aan ju nek, dan aan jou elmboog en dan aan jou tone.

Week 2:

- Trek lyne vanlnks na regs op 'n bladsy.
- Knip verskillende liggaamsdele uit 'n tydskrif en plak jou eie prent van 'n man of vrou.
- Vra jou kind om die volgende dinge in die korrekte volgorde met haar/sy hande te doen: Klap jou hande, waai en gooi iets.
- Laat jou kind met een liggaamsdeel aan 'n ander raak. Bv. Sit jou hande op jou heupe, ken op jou knie, pols op jou voorkop, oor op jou skouer, duim teen jou neus, vingers op jou wenkbroue, elmboog teen jou been, hake teenmekaar, neus op jou toon, ken op jou bors en tong teen jou wang.

Week 3:

- Oefen om 'n 1 en 2 te skryf.
- Oefen oogbewegings. LET WEL: Die oë beweeg terwyl die kop stil gehou word. Hou 'n bal of ander voorwerp in u hand en maak sirkelbewegings wat die kind kan volg.
- Staan op een been vir tien sekondes en dan weer op die ander been.
- Handmotoriek: Streck handjies oop en drimp in. (Groot/Klein) Oefen korrekte potloodgreep.

Week 4:

- Spring op een been vir ten minste tien tree – dan weer op ander been.
- As jy ‘n sprintou het, spring gereeld daarmee.
- Ouditiewe diskriminasie – Speel ‘n speletjie: Ek sien iets wat met ‘n b/t/p/ens begin.
- Mamma of Pappa moet vir jou ‘n storie lees en jy moet vir jou maatjie vertel waarom dit gegaan het.

Week 5:

- Trek lyne van links na regs op ‘n stuk papier.
- Ken jy al jou telefoonnommer? Probeer om dit te leer.
- Soek 2 prente in ‘n tydskrif wat met ‘n t begin.
- Oefen om ‘n 3 te skryf.

Week 6:

- Kyk of jy 5 goed in julle huis kan sien wat met ‘n t- klankei begin
- Mamma teken ‘n eenvoudige prentjie, wys dit vir ‘n paar sekondes en dan moet jy teken wat jy gesien het.
- Mamma sê ‘n word, maar laat die beginklank weg. Jy moet dan die word sê.

Week 7:

- Kruiwa loop. Hou jou kind se bene by sy DYE vas terwyl hy/sy op sy PLAT hande loop. Sit daarna ‘n boontjiesak / bal / kussing op sy rug en kyk of hy/sy ‘n “vrag” kan dra.
- Skeur (nie knip nie) 3 groen prentjies uit ‘ tydskrif.
- Teken drie groen sirkels, twee blou vierkante en een rooi driehoek.
- Klap jou hande elke keer as jy ‘n “t” hoor bv. M,t,f,t,t,r,s,..... Speel hierdie speletjie ook met ander klanke.

Week 8:

- Staan teenaan ‘n muur. Druk jouself weg met jou arms. Beweeg vorentoe. Herhaal die beweging ‘n paar keer.
- Mamma sê ‘n word en jy moet sê met watter klank die word begin.
- Kyk hoeveel woorde jy kan sê wat met ‘n “b” begin.